

Skriflesing: Markus 6:30-56

Teks: **Markus 6:34; 51**

Sing- Ps. 68:10; Ps. 2:6; Ps. 146:4,5; Ps. 46:2,3

Ons Here Jesus Christus het gewys dat Hy waarlik 'n Herder is. Broeder en suster, presies wat Hy in Johannes 10 ook sê - *14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.* In dieselfde gedeelte van Johannes maak Jesus dit duidelik dat Hy ken die Vader, die Vader ken Hom. In alle dinge wat gebeur is Christus één met die Vader. As Christus die wonderwerke doen waarvan ons hier aan die einde van Markus 6 twee wonders lees, dan is Hy die Herder vir sy kinders. Christus sal Homself heelyd so openbaar dat Hy vir die mens na liggaam en siel omgee. Dit wat ons in Markus 6 in besonder moet opval is wat Christus Self hier waargeneem het- *34 En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer.*

Christus sien 'n menigte mense wat hy sien as skape wat sonder herder is. Daar sou mense wees, Skrifgeleerdes noem maar op, wat hulle herders van hierdie menigte wou noem. Mense wat veronderstel was om herders vir hierdie menigte hier saam met Jesus te wees. Hulle wat herders moes wees, orals was daar sinagoges waar sulke herders moes optree maar waar was hulle wanneer dit gaan om die ware herderskap. Dit is in naam herders maar hulle wil die Woord van die Here kragteloos maak deur hulle baie insettinge en voorwaardes wat hulle die mense ten laste gelê het. Inplaas van om die herders te wees het hulle 'n juk op die mense gelê wat vir die mens swaar was om te dra, die juk van eieregtigheid en eiewysheid wat geen mens in staat was om te dra nie, dit het hulle kamtige herders op hulle gelê. Geen wonder wat gebeur nie. Nou sal Jesus soos 'n herder sorg maar terselfdertyd is Jesus besig om te leer. Dit lees ons ook in vers 34. *Hy het hulle baie dinge begin leer...* Sy eie dissipels sou geleer moet word wat dit is om waarlik herder te wees, herder genoem te mag word. Terselfdertyd sou hierdie hierdie dissipels moes leer wat dit is om as gewone visserman nou ook vissers van mense te wees.

Die mense stroom na Jesus toe, ja soos ons strome vis in die see kan kry. Soos wat Jesus hierdie menigte sien so gaan ons uit hierdie gedeelte sien wat die volle diepe beteken van Christus se Herderskap beteken. Ons sien dit op twee terreine. Daar waar die brood méér gemaak word, daar gaan dit om Christus se Herderskap, maar ook as die storm op die see losbreek, 'n storm wat ons kan aanvaar Jesus vir sy Vader gevra het dat daar 'n storm op die

see moet kom, nog meer duidelik, nog meer persoonlik tree Jesus as Herder na vore, want dit gaan vir Jesus daaroor dat sy dissipels ook herders en vissers sal moet kan word. Ons gaan die *wyse* waarop hierdie wonders gebeur, die *tyd* wanneer dit gebeur en die *vrug* van hierdie wonders ná vandag moet kan raaksien.

Die wyse waarop hierdie wonders gebeur:

Mense wat soos skape dwalende is, hulle wat baie herders het, maar eintlik geen Herder het nie. Hulle soek na die ware Herder. Jesus sal die Herderstaf opneem. Dit wys Hy aan ons vandag. Op daardie spesifieke dag het Jesus die mense lank besig gehou. Dit het al laat geword. Na die gees was die mens na behore gevoed. Die Woord is wyd en diep uitgedeel. Die dissipels het vir Jesus kom sê dat Hy nou moet klaarmaak. Nou kom die verskil tussen Een wat 'n Herder vir die skape is en een wat dink hy is die herder. Een wat dink hy is die herder maar wat eintlik nie regtig vir die skape omgee nie, ('n huurling noem Jesus sulkes in Joh. 10), so een sal wil dat die diens van die Woord wel moet geskied maar dan moet die eet van gewone brood nie deur die Woord verhinder word nie. Die ware Herder kyk anders hierna. Hy kyk eintlik andersom. Die gewone brood moet in diens van die Woord staan en nie die Woord in diens van die brood nie. Daarom sal Jesus sê dat die gee van brood só moet wees dat die gee van die Woord nie gehinder mag word nie. Dit is 'n groot verskil in hoe die ware Herder dit doen in vergelyking met hulle wat voorgee om herders te wees.

Jesus, Hy wat Self ook die brood van die lewe is, Hy wat die Woord van die lewe het, Hy wil dat die skape ook moet kan eet. Sy preek sou lank wees, verby die punt waar die dissipels wou hê dat Hy moet ophou...die plek is al verlate, dit is reeds laat, hier is niks om te eet nie, ons het maar min geld, 200 pennings, daarmee is ons te platsak om kos te gaan koop. Die dissipels wil nou nie Jesus se goeie preek afmaak nie maar Jesus moet darem tog ook prakties begin raak. Hy moet die liggaamlike van hierdie mense ingedagte begin hou. Terwyl ons na vandag weer beseft die liggaam en die gees, vlees en gees is deur God één gemaak. Dit is nie waar dat die ware Herder die geestelike lewe teen die vleeslike sou afspeel nie, nee Hy is nie onprakties nie, Hy is ook nie on-geestelik nie. Onprakties wanneer die mens maak asof die hele lewe so deur God in beslag geneem moet word, dat jy eintlik nie na die liggaam kan omsien nie. So asof die Here die liggaam vergeet en net vir die gees wil sorg. Jesus is ook nie on-geestelik, soos die massa-mens vandag in die kerke lyk te wees, wat eintlik alles in die kerk sosialiseer. So asof die kerk die verantwoordelikheid vir die armoede-vraagstukke en behuisingsnode of watter nood daar nog mag wees, dat die kerk vir die materiële daarvan moet instaan. Kan dit?!

Ons besef hoe die ware Herder sorg. Hy wat Herder oor hierdie mense wil wees sal vir die gees sorg, maar Hy sal ook vir die liggaam sorg, nie ter wille van die liggaam nie, maar alles ter wille van sy Hemelse Vader. Daarom het Hy vir sy preek ook nie die brood vergeet nie. Hy is werklik geestelik maar Hy is ook werklik op die grond prakties. So sal Hy Herder wees op die grond, later sien ons hoe Hy dit ook kan wees op die water.

Die brood sou in diens van die Woord moes kom staan. Ja, selfs die see en al sy waters is ook daar ter wille van die Evangelie. Dit bou na mekaar toe op. Jesus sal 'n storm stilmaak ter wille van die Evangelie. Hierdie dag wat ons hier uit Markus lees, die dag het groot dinge gebeur en die nag nog groter dinge. Die teken van die brood die laat-middag, die vroeg-aand toe daar geen winkel meer oop was nie, hierdie brood is eintlik 'n klokke-gelui, soos wat die klok by die kerk lui om te sê hier gaan nou groot dinge gebeur. Die Here gaan groot dinge doen, die Here gaan ook nuwe dinge doen. Ná 'n lang preek sal die brood die wonder van die aand wees.

Dit is asof Jesus sy dissipels dieper na hulle eie onvermoë as herders lei. Hy wat tog weet wat is prakties die werklikheid. Hoe kan Hy sê, na Hy so lank gepreek het sê - *Gee julle aan hulle iets om te eet...* Sou die dissipels nie dink, die Here moet nie nou belaglik wees nie. Belaglik is dit, hierdie groot skare, ons ou bietjie geld, 'n belaglikheid sou hulle dink, dit van twee kante! Nou vra die Here hulle nog 'n vraag. Hier kom 'n derde kant...

Die wyse waarop hierdie wonders gebeur raak ingrypend dieper. Nou kom ons agter, kyk hoe werk die Here in sy Herderskap. Dit tref ons in v.38- **38** *En Hy sê vir hulle: Hoeveel brode het julle? Gaan kyk. En toe hulle dit te wete gekom het, sê hulle: Vyf, en twee visse. 39* *En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op die groen gras te laat sit. 40* *En hulle het gaan sit in groepe van honderd en van vyftig...* Vyf brode, twee vissies, wat kan dit vir so baie mense beteken. Wat hulle, die dissipels die Here kan aanbied, sewe kos stukkie, vyf brode, twee visse. Dit wat die mens kan aanbied is 'n belaglike hoeveelheid, maar die Here lag nie. Nee, Hy dwing die mens dat die preek van daardie dag ook inhou dat Hy wat die Here is op sy Woord geneem sal word.

Die Here maak nie eers die brood en die vis meer en dan beveel Hy sy dissipels om dit uit te deel nie. Nee, Hy sê aan sy dissipels, begin dadelik uit te deel wat julle het. Moet nie julle voorrade bereken en dan wil werk nie. Daar word geen berekening of programme uitgewerk nie. Nee begin die hand oop te maak, elke sekonde wat hierdie uitdeel sou neem, is 'n sekonde wat daarop dui wat gebeur as 'n mens eenvoudig net glo, as jy Jesus waarlik in die geloof volg. Begin maar net uit te deel. Hy wat die Here is, gee genoeg.

Nou doen Jesus as Herder eintlik twee dinge gelyk. Die dissipels word waarlik vissers van mense gemaak, maar ook die mens wat hierdie gawe ontvang, die mens kry wat hy die mens in sy eie mens-wees as gevangene nie vir homself/haarself kon gee nie. Die goeie Herder sorg vir alles. Hy sorg vir die Woord, Hy sorg vir die brood. Hy kan dit alles méér maak. Die dissipels moet hulle roeping in Jesus sien en nêrens anders nie. Jesus wat tog vir hulle gesê het dat hulle agter Hom moet aangaan. Hy wat Jesus is, sal hulle maak vissers van mense. Maar lees ons later- v.52- *52 Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.* Die dissipels wat die uitdelers was, hoekom is hulle harte hard, hoekom word hulle nie wat Jesus nou reeds hier is nie, herders vir hierdie mense!

Omdat Jesus die harte ken is daar nou 'n dag wat nag moes word. Jesus is nie klaar nie. Hy wat weet wat in die mens is, Hy wat sonder sonde is, Hy ken die mens. Die eerste Adam sonder sonde, het ook nog volmaakte kennis gehad, hy het die diere name kon gee, die tweede Adam ken die mens. Daarom tussen wat die dissipels hier doen, hulle deel die brood uit en wat in daardie nag met dieselfde dissipels sou gebeur, is vir die Here nie twee aparte gebeurtenisse nie. Daar is wel 'n paar ure verskil, maar hulle wat aan hierdie wonder deel gehad het, hulle kan die brood en die vis uitdeel, maar nou gaan die see hulle tref omdat hulle by die brood met harde harte uitgedeel het. Hulle was met 'n wondergeloof verbaas, hoe kan die Here soiets doen, maar 'n wondergeloof is eintlik gevaarlik. Om met so 'n geloof brood uit te deel, maar jy het nog nie gekom by 'n saligmakende geloof nie, daarvoor sou die Here die see téén hulle moes laat opstaan. Dit laat ons nou in die tweede plek in meer besonderhede let op die tyds aspekte van hierdie twee wonders- m.a.w.

Die tyd wanneer hierdie dinge gebeur:

Jesus het na die dissipels se mening te lank gepreek maar nou sou hulle redeneer, Jesus het darem daarvoor vergoed, deur vir ons kos te gee. Hulle mis die wonderlike eenheid. Hulle

sou die Woord en die brood nog van mekaar skei. Dit mag nie! Dit wanneer mense sien en sien, maar hulle sien nie, hoor en hoor, maar hulle hoor nie. Hulle sien al Jesus se werke, maar sien hulle werklik Sy wêrk, hulle hoor al Jesus se woorde, maar hoor hulle Hom werklik as Woord?! Hulle wat die brood uitdeel is eintlik mense wat nog nié in staat sou wees om werklik herders vir hierdie skape te wees nie. Deur 'n wondergeloof help hulle brood uitdeel maar wat gaan die wondergeloof jou help as jy in die storm kom. Sal jy dan herder kan wees? Of sal 'n mens se geloof dan nog so vlak lê dat jou denke en jou gees so vertroebel is dat as die Here na jou kom, jy dan dink hierdie Wonderwerker is 'n spook wat op die water loop.

Daarom het Jesus na die skare weg is gewet daar sal 'n tweede wonder moet kom wat nou sy dissipels sal moet tref. Hy die Herder sal sy dissipels vir hulle herderskap nog beter moet toerus. Hulle sal moet ophou om die eenheid van God se bediening te verbreek. Om die Woord en die brood te skei. Die brood wonder moet die Woord bedien net so is die stilmaak van die storm tot bediening van die Woord.

Die goeie Herder het sy dissipels die see ingestuur en Hyself het gaan bid. 'n Gebed wat alles daarop dui dat sy dissipels vir hulle herderskap toegerus sal moet word. Daarvoor sou die storm op die see ook nodig wees. Jesus wat sou vra vir die storm op die see soos wat Jesus altyd gebid het waar Hy is en waar Hy werk. Die gebed by die brood is nie anders as die gebed waar die see-in diens van die Woord moet kom nie. Die see wat aan die dissipels sal toon dat God in Christus ook Here is van die natuur. Ja, die wondergeloof kan nie 'n ware herder se geloof wees nie. 'n Herder moet die saligmakende geloof kan hê. Daarvoor sou Jesus bid. Hy bid dat God sal sorg dat hierdie dissipels wat eintlik nog nie waarlik herders vir die mense kan wees nie dat God hulle die regte geloof mag gee, dat God hulle sal maak vissers van mense, herders van die skape. God moet hulle laat raaksien hoe Jesus se werk 'n eenheid vorm, die eenheid van sy Woord en sy diens, waar Sy diens nou die brood wonder was. Hy vra van God die storm spesifiek daardie nag want Jesus wil in die storm verskyn. Hy wil aan sy dissipels toon dat God magtig is, magtiger, kragtiger as die hoogste golwe van die see (dink aan Ps. 93) maar God se mag hang saam met Sy hoogheid. Psalm 46 God sit bo die gewoel van al hierdie golwe. Dit wil Jesus sy dissipels wys, daarvoor het Hy 'n storm nodig. Om werklik herder vir die groot Herder, die Opperherder te wees moet die dissipels sien dat Jesus nie net Middelaar is, wanneer Hy brood uitdeel ter wille van die Woord nie, maar Jesus kan nog verder gaan. Om sy dissipels te roep en vir hulle taak bekwaam te maak,

om hulle waarlik toe te rus, moet hierdie storm kom en moet Hy daarin kan verskyn sodat as Hy dan hulle boot inkom, dat hulle, sy dissipels sal besef dat op sy Woord kan hierdie storm gaan lê.

Die tyd waarop God werk, hoe God die dinge laat gebeur, kom tot eenheid ook op God se volmaakte tyd. Die vierde nagwaak, tussen 3h00-6h00 die oggend, die dissipels het die nag die storm tot in hulle diepste vrese alreeds beleef, deurnat en bang, nou sal God verder gaan. Uit die nood en kritiek van tyd werk God. Toe dit nodig was, kon Christus aan honger liggame brood gegee, maar vir die dispels met hulle harde harte was dit nie genoeg nie. Die engtes van honger het die dissipels nie herders vir mense kon maak nie, nou kom Jesus in die engtes van die dood. Wanneer jy die dood in die oë kyk, dan kyk jy na meer as 'n stukkie brood. Uit die gesig van die dood het die Here 'n pad na hulle oopgemaak. Sal dit hulle harte verander? Dit is wat moet gebeur! Die hart moet verander. Die goeie Herder help nie net as daar brood nodig is nie, maar die goeie Herder kan deur sy Woord 'n pad deur die see oopmaak, sodat sy Woord daar kan deurgaen. Dit het Moses met die volk deur die Rooisee ook gewys, nou wys die die een groter as Moses, méér van sy Herderskap. Daarom kortliks, ons sou eintlik nog baie kon sê, dan net ons laaste gedagte-

Die vrug van hierdie wonders:

Die eerste wonder het God in Christus bo die broodjies en die visse kon staan en Christus het in almal se teenwoordigheid gebid. Die tweede wonder is die Kneg van God, Jesus Christus nie besig om in die mens se teenwoordigheid te bid nie. Nee, die storm was al lank en hewig aan die gang, dan kom die Here by die bootjie uit en die mens kan net sê – my Here en my God. Dit sou ook 'n gebed voorafgaan, maar tog die vrug lê nou nog dieper. Juis waar Jesus bid en sy dispels nie teenwoordig is nie, maar eintlik gaan hierdie gebed juis om hulle. Juis word gevra vir hierdie storm. Die brood wat die harde harte nie kon breek nie dalk kan die see hulle breek. God maak in Christus 'n pad oop, dat daar vir sy Woord 'n oop pad kan wees, deur die hoogste golwe heen. Juis op die wyse word die dissipels hierdie Woord gegee dat hulle kan word vissers, waar daardie seabodem vol van vis was, maar moet hulle wees, vissers van mense.

Die Here wys hier 'n baie groot saak, wat ons eintlik maar net kan aanraak. Ons dink baie keer, die Here is groot, dat Hy die natuur kan beheers, maar dat Hy tog ook vir ons as kleine mensies kan sorg. Ja, dit is so, maar nou moet ons tog wel ook sien, die groot wolke, die geweldige storm, alles dinge wat groot mag wees, die Here wil nie hê dat die groot dinge,

groter as ons as mense moet wees nie. Die mens moet die natuur te bowe kan gaan. Dit gaan nie vir Jesus om die storm nie, maar dit gaan vir Jesus om die mens in die storm. Die see gaan in 'n storm, maar dit gebeur nie los van die mens nie. God laat die see-in 'n storm ontaard, juis om die mens daarin te plaas en dit om die mens ontwil. Dinge wat my kan verneder, hoe verneder was die dissipels nie daar nie, maar in Christus, in sy diens en in sy salwing, deur sy Heilige Gees maak Hy die mens christen. Hy maak die mens anders.

Die christen moet wees, nie klein nie, maar profeet, priester en koning. Sonder Christus is die mens 'n stoffie aan die weegskaal, 'n druppel aan 'n emmer, maar die vrug van Christus se werk, dit wat ons Hom in hierdie wonders sien doen, is dat Sy kinders moet kan uitstyg. Mense sonder herder is klein mensies, is die massamens, maar as God jou uitgekies het, Hy het jou anders gemaak, sy eiendom, daarin moet jy nie wees soos 'n water druppeltjie of 'n stoffie nie, nee wat die geloof en die kindskap en jou amp en jou christen-wees aanbetref, daarin wil God jou meer maak, God wil jou maak 'n mag, ja 'n ware herder wat God in hierdie wêreld wil seën, dat God om jou ontwil 'n storm in die see sal begin maar ook weer om jou ontwil sy seëninge so kan beheer dat jy met wind sal kan praat. Die wind wat die see só opjaag. Uit Hom, deur Hom tot Hom is ons meer as oorwinnaars, ja nie stoffies of waterdruppeltjies nie!

AMEN